JustTransitions

FEITEBLAD 02

Die Suid-Afrikaanse voedselstelsel en die behoefte aan ’n regverdige oorgang

Wat is die **voedselstelsel?**

Die voedselstelsel verwys na al die elemente en aktiwiteite wat verband hou met die produksie en verbruik van voedsel, en die uitwerkings daarvan, wat ekonomiese, gesondheids- en omgewingsuitkomste insluit.

Die produksie- en verspreidingstelsel (Figuur 1) sluit landbou-insette, landbouproduksie, agroverwerking en voedselvervaardiging, formele en informele handel, verbruik, vervoer en berging in. Bestuurspraktyk (hoe die voedselstelsel bestuur word en hoe rykdom, wat in die voedselstelsel geskep word, tussen rolspelers versprei word) is ook deel van die hele stelsel.

Die produksie- en verspreidingstelsel word gevorm deur die **sosio-ekonomiese en omgewingskontekste,** maar dra ook by tot die vorming daarvan. Die sosio-ekonomiese konteks sluit markte, beleid, wetenskap en tegnologie, onderrig en opleiding, maatskaplike organisasie en individuele faktore in. Die omgewingskonteks sluit fossielbrandstofgebruik, klimaat, water, biodiversiteit, minerale en grond in.

Die produksie- en verspreidingstelsel en die konteks waarin dit plaasvind, het beide positiewe en negatiewe gevolge. In die industriële voedselstelsel hoop negatiewe impakte op en bring ’n onvolhoubare stelsel mee.

Voedselstelsel **uitkomste: tans en in** die **toekoms**

Sosio-ekonomiese uitkomste

Tans

Daar is baie mense wat hul brood in die Suid-Afrikaanse voedselstelsel verdien, veral in landbouproduksie, vervoer, verspreiding en voedseldienste (restaurante, wegneemetes, ens.), maar dit word beperk deur die gekonsentreerde aard van die voedselstelsel en deur regeringsbeleide wat die korporatiewe sektor bevoordeel.

Voedselproduksie is ingestel op uitvoermarkte voordat binnelandse voedselsekerheid aangespreek word. Die teorie is dat uitvoere buitelandse valuta genereer wat Suid-Afrika in staat stel om goedkoper kos in te voer. Die geld beland egter in private sakke. Produkte wat met skaars water en grond verbou word, word uitgevoer.

Beleide verskans grootskaalse kommersiële landbou en beperk kleinboerprodusente, veral dié wat agro-ekologie toepas.

Swak en onseker werksomstandighede kenmerk landbou en voedselproduksie, veral vir plaaswerkers.

Om uit voedselproduksie en verspreiding te profiteer, is volop.

Gekonsentreerde eienaarskap en beheer kenmerk die Suid-Afrikaanse voedselstelsel, veral landbou-insette, graanberging, beesvoerkrale, voedselvervaardiging en formele kleinhandel. Groot maatskappye is aan buitelandse kopers verkoop en finansiële instellings beheer die formele stelsel.

Toekoms

'n Regverdige oorgang sal herverdeling van hulpbronne, soos grond, demokratiese en deelnemende prosesse, verspreide ekonomiese eienaarskap, behoorlike werksomstandighede, sekerheid en beleide ter ondersteuning van agro-ekologie, insluit.

Voedselsekerheid

Tans

Markte bepaal toegang tot voedsel. Ondanks produktiewe vermoë, gee dit saam met werkloosheid en lae lone aanleiding tot hoë vlakke van voedselonsekerheid. In Suid-Afrika is minstens een uit elke vyf huishoudings gereeld voedselonseker. Swart vroue en bewoners van plattelandse en informele nedersettings word die swaarste getref.

Die huidige voedselstelsel word gekenmerk deur skerp stygings in voedselpryse. Wêreldwye probleme met verskaffing veroorsaak vertragings en beperkings. Daar is vele bedreigings vir landbouproduksie, insluitende druk op kosprys, waar insetkoste vinniger styg as uitsetkoste en boere tussen die twee "vasgedruk" word. Korporatiewe kleinhandelaars, vervaardigers en insetverskaffers vergroot hul wins deur hul mag te gebruik om te beïnvloed wat boere produseer.

Figuur 1: Die voedselstelsel



Die Wêreldhandelsorganisasie (WHO) het markte oopgedwing. Selfs al hoef niks ingevoer te word nie, moet deelnemende lande sekere volumes gratis toelaat. Dit lei tot die invoer van gesubsidieerde, goedkoop kos wat dikwels swak voedingswaarde het. Subsidies in ander lande verlaag produksiekoste kunsmatig, wat plaaslike produksie in Suid-Afrika ondermyn deur plaaslike produsente te dwing om met kunsmatig lae pryse mee te ding. Lande maak uiteindelik meer staat op invoere. Dit veroorsaak 'n afwaartse siklus van vernietiging van plaaslike kapasiteit en afhanklikheid op ander om ons kos vir ons te produseer, terwyl ons dit self kon doen.Die Suid-Afrikaanse voedselstelsel het wanvoeding (vetsug, diabetes en honger, alles op dieselfde tyd) veroorsaak. Die goedkoopste kos het die swakste voedingswaarde. Industriële verwerking verlaag koste per eenheid, maar ten koste van kos se voedingswaarde (byvoorbeeld hoogs verwerkte mieliemeel en suiker). Diëte is hoog in koolhidrate, met ongebalanseerde etes. Diegene met min geld het beperkte toegang tot proteïene en het nie genoeg verskeidenheid in hul dieet nie.

Toekoms

'n Getransformeerde stelsel moet die reg op voedsel die middelpunt van die voedselstelsel se doelwitte maak. Kos is openbare goedere en die reg op voedsel beteken dat almal toegang het tot die kos wat hulle elke dag nodig het, ongeag of hulle dit kan bekostig of nie. 'n Toekomstige stelsel sal 'n universele basiese inkomstetoelaag, verskeidenheid in dieet en voeding en uitbreiding van agro-ekologiese voedselproduksie en verspreiding deur gemeenskappe en kleinboere, insluit.

Omgewing

Tans

Grootskaal kommersiële produksie veroorsaak aansienlike omgewingskade. Kommersiële landbou erken selfs van die skade, byvoorbeeld oormatige watergebruik en giftige chemikalieë wat skade aan water, grond en biodiversiteit berokken. Ander omgewingskade, soos kweekhuisgasemissies deur die voedselstelsel en wyer skade aan die ekosisteem, word minder erken. Landbou is ook baie kwesbaar vir impakte van klimaatsverandering, omdat dit so afhanklik is van die weer.

Kleinskaal- en gemeenskapsboere het 'n betreklik beperkte ekologiese voetspoor, maar daar is 'n gebrek aan ondersteuning vir omgewingsvriendelike praktyke.

Afval skep omgewingsprobleme

Toekoms

Agro-ekologie reageer op alle dimensies van die voedselstelsel deur ekologiese en volhoubare produksiepraktyke en progressiewe maatskaplike en ekonomiese transformasie aan te gryp. Dit is 'n geïntegreerde reaksie op klimaatsverandering, verlies aan biodiversiteit, grond- en waterbesoedeling en die agteruitgang daarvan. Dit streef daarna om herwinning en 'n sirkulêre ekonomie te gebruik om geen afval te genereer nie.